HIERDIE OMSENDBRIEF IS BELANGRIK EN VEREIS U ONMIDDELLIKE AANDAG

Die definisies en interpretasies wat op bladsy 4 van hierdie Omsendbrief begin, is op hierdie dekblad van toepassing.

Remgro Beperk

Remgro Beperk
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer: 1968/006415/06)
(ISIN: ZAE000026480)
(Aandelekode: REM)
("**Remgro**" of "**die Maatskappy**")

OMSENDBRIEF AAN REMGRO-AANDEELHOUERS

rakende:

- **'n verhoging in die aantal gemagtigde Gewone Aandele en B-aandele van die Maatskappy en die ooreenstemmende wysiging van die AVO van die Maatskappy;**
- **die plasing van gemagtigde maar onuitgereikte Aandele onder die beheer van die Direkteure; en**
- **die magtiging om B-aandele aan Rupert Beleggings uit te reik**

en waarby ingesluit is:

- **'n kennisgewing van Algemene Vergadering; en**
- **'n volmagvorm (*blou*) (slegs vir gebruik deur Gesertifiseerde Aandeelhouers en Gedematerialiseerde Aandeelhouers met "eie naam"-registrasie)**

Datum van uitreiking: 15 Julie 2016

RAND MERCHANT BANK
A division of FirstRand Bank Limited

Handelsbank en borg

CDH
CLIFFE DEKKER HOFMEYR

Regsadviseur

Hierdie Omsendbrief is in Engels en Afrikaans beskikbaar. In die geval van 'n konflik tussen die bepalings van die Engelse en Afrikaanse weergawes van hierdie Omsendbrief, sal die bepalings van die Engelse weergawe voorrang geniet. Afskrifte van hierdie Omsendbrief mag verkry word in elektroniese formaat op die Maatskappy se webwerf (www.remgro.com) asook van die geregistreerde kantore van die Maatskappy, die Oordragsekretaris en Rand Aksepbank by die adresse soos uiteengesit in die "Korporatiewe Inligting en Adviseurs" afdeling van hierdie Omsendbrief vanaf 15 Julie 2016 tot 16 Augustus 2016, beide dae ingesluit.

KORPORATIEWE INLIGTING EN ADVISEURS

Maatskappysekretaris en geregistreerde kantoor
Mev M Lubbe
Millenniapark
Stellentialaan 16
Stellenbosch
7600
(Posbus 456, Stellenbosch, 7599)

Oordragsekretaris
Computershare Investor Services Eiendoms Beperk
(Registrasienommer 2004/003647/07)
Grondvloer
Marshallstraat 70
Johannesburg
2000
(Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

Handelsbank en borg
Rand Aksepbank (’n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)
(Registrasienommer 1929/001225/06)
Merchant Place 1
H/v Fredmanrylaan en Rivoniaweg
Sandton, 2196
(Posbus 786273, Sandton, 2146)

Regsadviseur
Cliffe Dekker Hofmeyr Ingelyf
Buitengrachtstraat 11
Kaapstad, 8001
(Posbus 695, Kaapstad, 8000)

INHOUDSOPGAWE

Die definisies en interpretasies wat op bladsy 4 van hierdie Omsendbrief begin, geld, *mutatis mutandis*, deurgaans in hierdie inhoudsopgawe.

KORPORATIEWE INLIGTING EN ADVISEURS Voorste binneblad

INHOUDSOPGAWE 1

AKSIE VEREIS DEUR AANDEELHOUERS 2

BELANGRIKE DATUMS EN TYE 3

DEFINISIES EN INTERPRETASIES 4

OMSENDBRIEF AAN REMGRO-AANDEELHOUERS 6

1. Inleiding en oogmerk 6
2. Verhoging van gemagtigde aandelekapitaal en wysiging van AVO 6
3. Plasing van onuitgereikte gemagtigde Aandele onder die beheer van die Direkteure 7
4. B-aandele uitreiking 7
5. Inligting ten opsigte van die aandelekapitaal van Remgro 7
6. Algemene Vergadering 7
7. Direkteure se verantwoordelikheidsverklaring 7
8. Toestemming 8
9. Dokumente beskikbaar vir insae 8

KENNISGEWING VAN ALGEMENE VERGADERING

VOLMAGVORM

AKSIE VEREIS DEUR AANDEELHOUERS

Tensy dit andersins duidelik blyk uit die konteks, is die definisies en interpretasies wat op bladsy 4 van hierdie Omsendbrief begin op hierdie afdeling en deurgaans in hierdie Omsendbrief van toepassing. Hierdie Omsendbrief is uitgereik ooreenkomstig die Noteringsvereistes, met die doel om inligting ten opsigte van die Maatskappy beskikbaar te stel.

Hierdie Omsendbrief is belangrik en vereis u onmiddellike aandag

Indien u enigsins twyfel oor watter aksie deur u geneem moet word, raadpleeg asseblief onmiddellik u Makelaar, SEBD, bankier, prokureur, rekenmeester of ander professionele adviseur. Indien u al u Remgro-aandele verkoop het, stuur asseblief hierdie Omsendbrief aan die persoon aan wie u u Aandele verkoop het of aan die Makelaar, SEBD, bankier of ander agent deur wie u sodanige Aandele verkoop het.

Let asseblief op die volgende bepalings rakende die aksie vereis van Aandeelhouers ten opsigte van die Algemene Vergadering:

'n Algemene vergadering van Remgro-aandeelhouers word op Dinsdag, 16 Augustus 2016, om 15:00 in die konferensiesentrum, Protea Hotel, Technolaan, Tegnopark, Stellenbosch, 7600 gehou met die doel om die gewone en spesiale besluite uiteengesit in die kennisgewing van Algemene Vergadering hierby aangeheg te oorweeg, en indien goedgevind, te aanvaar, met of sonder wysiging.

1. Indien u 'n Gedematerialiseerde Aandeelhouer is sonder "eie naam"-registrasie:

Stemming by die Algemene Vergadering

U SEBD of Makelaar moet u kontak om vas te stel hoe u verlang om u stem uit te bring by die Algemene Vergadering en om daarna u stem ingevolge u instruksies uit te bring.

Indien u nie gekontak is nie, is dit raadsaam om u SEDB of Makelaar te kontak en van u steminstruksies te voorsien.

Indien u SEBD of Makelaar nie steminstruksies van u verkry nie, is hul verplig om volgens die instruksies vervat in die ooreenkoms wat tussen u en u SEBD of Makelaar gesluit is, te stem.

U moet nie die aangehegte volmagvorm (***blou***) voltooi nie.

Bywoning en verteenwoordiging by die Algemene Vergadering

In ooreenstemming met die ooreenkoms tussen u en u SEBD of Makelaar, moet u u SEBD of Makelaar in kennis stel indien u verlang om die Algemene Vergadering in persoon by te woon, en u SEBD of Makelaar sal die nodige verteenwoordigingsbrief aan u uitreik om die Algemene Vergadering by te woon.

2. Indien u 'n Gesertifiseerde Aandeelhouer of 'n Gedematerialiseerde Aandeelhouer met "eie naam"-registrasie is:

Stemming, bywoning van en verteenwoordiging by die Algemene Vergadering

U mag die Algemene Vergadering in persoon bywoon en daartydens stem.

Andersins, mag u 'n gevolmagtigde aanstel om u by die Algemene Vergadering te verteenwoordig deur die aangehegte volmagvorm (***blou***) volgens die instruksies daarin vervat te voltooi, en dit by die Oordragsekretaris in te dien of vir hulle te pos sodat hulle dit nie later as 15:00 op 12 Augustus 2016 ontvang nie. Enige volmagvorm wat nie teen hierdie tyd by die Oordragsekretaris ingedien is nie, mag aan die voorsitter van die Algemene Vergadering oorhandig word op enige tyd voor die aangestelde volmaghouer enige van u aandeelhouersregte op die Algemene Vergadering mag uitoefen.

Remgro aanvaar geen verantwoordelikheid nie en is nie aanspreeklik vir enige versuim van die SEBD of Makelaar (na gelang van die geval) van 'n Gedematerialiseerde Aandeelhouer om sodanige Gedematerialiseerde Aandeelhouer oor die Algemene Vergadering of die aangeleenthede in hierdie Omsendbrief uiteengesit, in te lig nie.

BELANGRIKE DATUMS EN TYE

	2016
Rekorddatum om te bepaal watter Remgro-aandeelhouers geregtig is om die Omsendbrief te ontvang	8 Julie
Omsendbrief gepos aan Remgro-aandeelhouers op of ongeveer	15 Julie
Laaste verhandelingsdag in Remgro-aandele om op die Register geregistreer te wees ten einde aan die Algemene Vergadering deel te neem en daartydens te stem op	1 Augustus
Rekorddatum om geregtig te wees om aan die Algemene Vergadering deel te neem en daartydens te stem op	5 Augustus
Laaste dag om volmagvorms ten opsigte van die Algemene Vergadering by die Oordragsekretaris in te dien teen 15:00 op	12 Augustus
Algemene Vergadering om 15:00, in die konferensiesentrum, Protea Hotel, Technolaan, Tegnopark, Stellenbosch op	16 Augustus
Uitslag van Algemene Vergadering op SENS aangekondig op	17 Augustus
Spesiale besluit om die verhoging van die gemagtigde aandelekapitaal geliasseer by CIPC goed te keur teen	23 Augustus

Notas:

1. Die definisies en interpretasies wat op bladsy 4 van hierdie Omsendbrief begin geld *mutatis mutandis* vir hierdie belangrike datums en tye.
2. Die bogemelde tye is Suid-Afrikaanse tye.
3. Die bogemelde datums en tye is onderhewig aan verandering. Enige wesentlike verandering sal op SENS aangekondig word.
4. Enige volmagvorm wat nie teen die voorgeskrewe tyd by die Oordragsekretaris ingedien is nie, mag aan die voorsitter van die Algemene Vergadering oorhandig word op enige tyd voor die aangestelde volmaghouer enige van die aandeelhouersregte op die Algemene Vergadering mag uitoefen.

DEFINISIES EN INTERPRETASIES

Regdeur in hierdie Omsendbrief, tensy die konteks anders aandui, het die woorde in die linkerkantste kolom hieronder die betekenisse daar teenoor gestel in die regterkantste kolom hieronder, sluit 'n verwysing na die enkelvoud die meervoud in en omgekeerd, sluit woorde wat verwys na een geslag die ander geslagte in, en sluit woorde en uitdrukkings wat op natuurlike persone dui regspersone en assosiasies van regspersone in:

"Algemene Vergadering"	die Algemene Vergadering van Remgro-aandeelhouers om gehou te word in die konferensiesentrum, Protea Hotel, Technolaan, Tegnopark, Stellenbosch, 7600 om 15:00 op 16 Augustus 2016 om die besluite uiteengesit in die kennisgewing van Algemene Vergadering wat deel vorm van hierdie Omsendbrief te oorweeg en, indien goedgevind, te aanvaar (met of sonder wysiging), en sluit enige verdaging van sodanige vergadering in;
"AVO"	die akte van oprigting van Remgro wat deur Aandeelhouers aangeneem is op die algemene jaarvergadering van Remgro-aandeelhouers wat op 27 November 2012 gehou is;
"B-aandele uitreiking"	die uitreiking van B-aandele aan Rupert Beleggings;
"Dematerialisasie" of "Gedematerialiseer"	die proses waardeur sekuriteite wat deur 'n sertifikaat of ander Titeldokument verteenwoordig word omskep word in sekuriteite wat in gesamentlike bewaring gehou word deur 'n sentrale sekuriteitebewaarplek of dié se benoemde in 'n aparte sentrale rekening vir sekuriteite en wat oordraagbaar is deur inskrywing sonder 'n sertifikaat of skriftelike instrument;
"Direksie" of "Direkteure"	die Direksie van Remgro, wat, soos op die Laaste Praktiese Datum, saamgestel is uit die persone wie se name op bladsy 6 van hierdie Omsendbrief verskyn;
"Gedematerialiseerde Aandeelhouers"	houers van Gedematerialiseerde Aandele;
"Gedematerialiseerde Aandele"	Remgro-aandele wat Gedematerialiseer is;
"Gesertifiseerde Aandeelhouers"	houers van Gesertifiseerde Aandele;
"Gesertifiseerde Aandele"	Remgro-aandele wat nie Gedematerialiseer is nie, en wat deur 'n aandelesertifikaat of ander Titeldokument verteenwoordig word;
"Financial Markets Act"	Financial Markets Act, No. 19 van 2012, soos gewysig;
"JSE"	die sekuriteitebeurs wat deur die JSE Beperk bedryf word;
"JSE Beperk"	JSE Beperk (registrasienommer 2005/022939/06), 'n publieke maatskappy geïnkorporeer ooreenkomstig die wette van Suid-Afrika, en wat gelisensieer is om 'n beurs ingevolge die Financial Markets Act te bedryf;
"Laaste Praktiese Datum"	8 Julie 2016, as synde die laaste praktiese datum voor die finalisering van hierdie Omsendbrief;
"Maatskappywet" of die "Wet"	Maatskappywet, No. 71 van 2008, soos gewysig;
"Makelaar"	'n "stockbroker" soos omskryf in die Financial Markets Act;
"Noteringsvereistes"	die Noteringsvereistes van die JSE, soos gewysig;
"Omsendbrief"	hierdie Omsendbrief aan Remgro-aandeelhouers, gedateer 15 Julie 2016, insluitende die bylaes en 'n geïnkorporeerde kennisgewing van Algemene Vergadering en 'n ingeslote volmagvorm (***blou***);

"Oordragsekretaris"	Computershare Investor Services Eiendoms Beperk (registrasienommer 2004/003647/07), 'n privaat maatskappy geïnkorporeer ooreenkomstig die wette van Suid-Afrika;
"Rand" of "R" of "ZAR" en "sente"	Suid-Afrikaanse rand en sente, die amptelike geldeenheid van Suid-Afrika;
"Rand Aksepbank"	Rand Aksepbank, 'n afdeling van FirstRand Bank Beperk (registrasienommer 1929/001225/06), 'n publieke maatskappy geïnkorporeer ooreenkomstig die wette van Suid-Afrika, en as 'n bank geregistreer kragtens die Bankwet, No. 94 van 1990, soos gewysig;
"Register"	gesamentlik, die register van Gesertifiseerde Aandeelhouers deur die Oordragsekretaris gehou en die subregister van Gedematerialiseerde Aandeelhouers deur die betrokke SEBD ooreenkomstig artikel 50 van die Maatskappywet gehou;
"Regte-uitgifte"	*pro rata*-uitreiking van nuwe Gewone Aandele aan houers van Gewone Aandele op die rekorddatum van die Regte-uitgifte;
"Remgro" of "die Maatskappy"	Remgro Beperk (registrasienommer 1968/006415/06), 'n publieke maatskappy geïnkorporeer ooreenkomstig die wette van Suid-Afrika, die gewone aandele waarvan op die JSE genoteer is;
"Remgro-aandeelhouers" of "Aandeelhouers"	houers van Remgro-aandele;
"Remgro-aandele" of "Aandele"	gesamentlike Remgro Gewone Aandele en Remgro B-aandele;
"Remgro B-aandele" of "B-aandele"	B-gewone aandele sonder pariwaarde in Remgro;
"Remgro Gewone Aandele" of " Gewone Aandele"	gewone aandele sonder pariwaarde in Remgro;
"Rupert Beleggings"	Rupert Beleggings Eiendoms Beperk (registrasienommer 1959/003277/07), 'n privaat maatskappy geïnkorporeer ooreenkomstig die wette van Suid-Afrika, 'n maatskappy wat verwant is aan Mnr J P Rupert en wat al die B-aandele in die aandelekapitaal van Remgro besit;
"Sakedag"	enige dag behalwe 'n Saterdag, Sondag of enige amptelike openbare vakansiedag in Suid-Afrika;
"SEBD"	'n "participant", soos omskryf in artikel 1 van die Financial Markets Act, as synde 'n persoon wat deur 'n gelisensieerde sentrale sekuriteitebewaarplekdeelnemer gemagtig is om bewaarplek- en administratiewe dienste of verrekeningsdienste of beide te verrig ingevolge die sentrale bewaarplekreëls;
"SENS"	die Aandelebeurs Nuusdiens van die JSE;
"Strate"	die elektroniese bewaar- en vereffeningstelsel bedryf deur Strate Eiendoms Beperk (Registrasie-nommer 1998/022242/07), 'n privaat maatskappy geïnkorporeer ingevolge die wette van Suid-Afrika, en geregistreer as 'n sentrale sekuriteitebewaarplek ingevolge die Financial Markets Act en verantwoordelik vir elektroniese bewaar- en vereffeningstelsel bedryf deur die JSE;
"Suid-Afrika"	die Republiek van Suid-Afrika; en
"Titeldokumente"	aandelesertifikate, gesertifiseerde aktes van oordrag, saldokwitansies of enige ander titeldokumente tot Aandele.

REMGRO BEPERK
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer: 1968/006415/06)
Aandelekode: REM
ISIN: ZAE000026480
("**Remgro**" of "**die Maatskappy**")

Direkteure

Uitvoerend
J J Durand (*Hoofuitvoerende Beampte*)
N J Williams (*Hoof Finansiële Beampte*)
W E Bührmann

Nie-uitvoerend
J P Rupert (*Voorsitter*)
Dr E de la H Hertzog (*Gesamentlike Ondervoorsitter*)
J Malherbe (*Gesamentlike Ondervoorsitter*)

Onafhanklik Nie-uitvoerend
S E N de Bruyn Sebotsa
G T Ferreira (*Hoof onafhanklik*)
P K Harris
N P Mageza
P J Moleketi
M Morobe
F Robertson
H Wessels

OMSENDBRIEF AAN REMGRO-AANDEELHOUERS

1. Inleiding en oogmerk

Die oogmerk van hierdie Omsendbrief is om:

1.1 aandeelhouers te voorsien van relevante inligting met betrekking tot die:

- verhoging in die aantal gemagtigde Gewone Aandele en B-aandele van die Maatskappy (en die ooreenstemmende wysiging van die AVO);
- plasing van onuitgereikte gemagtigde Aandele onder die beheer van die Direkteure;
- magtiging om B-aandele aan Rupert Beleggings uit te reik; en

1.2 'n Algemene Vergadering byeen te roep ten einde die nodige gewone en spesiale besluite wat daaraan uitvoering gee te oorweeg, en indien goedgevind, te aanvaar.

2. Verhoging van gemagtigde aandelekapitaal en wysiging van AVO

Remgro het finansiële bronne, insluitend skuld, gebruik om die beleggings- en groeistrategieë van sy portefeuljemaatskappye te fasiliteer en te ondersteun. Die Direksie stel 'n verhoging van die aantal gemagtigde aandele van die Maatskappy van 512,493,650 Gewone Aandele tot 1,000,000,000 Gewone Aandele en 40,506,352 B-aandele tot 100,000,000 B-aandele voor ten einde groter buigsaamheid aan die Maatskappy te verleen om nuwe ekwiteitskapitaal in te vorder, op die gepaste tyd, deur middel van 'n Regte-uitgifte ten einde die Maatskappy in staat te stel om aantreklike strategiese groeigeleenthede te benut, om voort te gaan om die groei ambisies van sy portefeuljemaatskappye te ondersteun en te fasiliteer, en om bestaande skuld terug te betaal. Die magtiging om addisionele B-aandele uit te reik dra by tot die invordering van nuwe ekwiteitskapitaal en stel Rupert Beleggings in staat om gesamentlik met gewone aandeelhouers te belê ten einde Rupert Beleggings se *pro rata* ekonomiese belang en stemregte in die Maatskappy te handhaaf.

Ten einde uitvoering te gee aan die verhoging in die aantal gemagtigde aandele, sal dit nodig wees vir Aandeelhouers om die ooreenstemmende wysiging aan die AVO wat sodanige verhoging vervat, goed te keur.

Indien goedgekeur deur Aandeelhouers, sal die verhoging in die aantal gemagtigde aandele in werking tree op die datum waarop die vereiste kennisgewing van wysiging ten opsigte van die ooreenstemmende wysiging aan die AVO by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom geliasseer word, soos beoog in artikel 16(9) van die Maatskappywet, welke datum na verwagting 23 Augustus 2016 sal wees.

3. Plasing van onuitgereikte gemagtigde Aandele onder die beheer van die Direkteure

Die Direksie stel voor dat 100,000,000 Gewone Aandele en 10,000,000 B-aandele in die onuitgereikte gemagtigde aandelekapitaal van die Maatskappy onder die beheer van die Direkteure geplaas word ooreenkomstig Klousule 6.7 van die AVO wat bepaal dat die Direkteure van die Maatskappy mag besluit om gemagtigde Aandele uit te reik, maar slegs tot die mate wat sodanige uitreiking deur die Aandeelhouers in algemene vergadering goedgekeur is, hetsy by wyse van 'n algemene of 'n spesifieke magtiging.

4. B-aandele uitreiking

In die geval waar die Direkteure die implementering van 'n Regte-uitgifte voorstel, stel die Direksie voor dat nuwe B-aandele aan Rupert Beleggings uitgereik word ten einde Rupert Beleggings se huidige vlak van stemregte in die Maatskappy te handhaaf en om by te dra tot die invordering van nuwe ekwiteitskapitaal. Nuwe B-aandele sal uitgereik word teen dieselfde prys as wat die Gewone Aandele uitgereik word na aanleiding van die Regte-uitgifte.

Ten einde uitvoering te gee aan die voorgestelde B-aandele uitreiking, vereis die Maatskappy die goedkeuring van sy aandeelhouers om die B-aandele aan Rupert Beleggings uit te reik ingevolge Artikel 41(1)(b) van die Maatskappywet.

5. Inligting ten opsigte van die aandelekapitaal van Remgro

Gemagtigde en uitgereikte Aandele

Die aantal gemagtigde en uitgereikte aandele van Remgro **voor** die voorgestelde verhoging van die gemagtigde aandelekapitaal is as volg:

Aantal gemagtigde aandele
512 493 650 gewone aandele sonder pariwaarde
40 506 352 B-gewone aandele sonder pariwaarde

Aantal uitgereikte aandele
481 106 370 gewone aandele sonder pariwaarde
35 506 352 B-gewone aandele sonder pariwaarde

Tesourie-aandele
1 725 393 gewone aandele sonder pariwaarde

Die aantal gemagtigde en uitgereikte aandele van Remgro **na** die voorgestelde verhoging van die gemagtigde aandelekapitaal is as volg:

Aantal gemagtigde aandele
1 000 000 000 gewone aandele sonder pariwaarde
100 000 000 B-gewone aandele sonder pariwaarde

Aantal uitgereikte aandele
481 106 370 gewone aandele sonder pariwaarde
35 506 352 B-gewone aandele sonder pariwaarde

Tesourie-aandele
1 725 393 gewone aandele sonder pariwaarde

6. Algemene Vergadering

Die Algemene Vergadering van Remgro-aandeelhouers sal gehou word op Dinsdag, 16 Augustus 2016, om 15:00 in die konferensiesentrum, Protea Hotel, Technolaan, Tegnopark, Stellenbosch, 7600, ten einde die besluite vervat in die Kennisgewing van Algemene Vergadering te oorweeg en, indien goedgevind, te aanvaar met of sonder wysiging.

Die Kennisgewing van Algemene Vergadering en 'n volmagvorm (***blou***) vir gebruik deur Gesertifiseerde Aandeelhouers en Gedematerialiseerde Aandeelhouers met "eie naam"-registrasie wie nie in staat is om die Algemene Vergadering in persoon by te woon nie, maar wie daarop verteenwoordig wil wees, is by hierdie Omsendbrief aangeheg. 'n Volledig voltooide volmagvorm (***blou***) moet deur die Oordragsekretaris ontvang word teen nie later as 15:00 op 12 Augustus 2016 nie of moet oorhandig word aan die voorsitter van die Algemene Vergadering voor die aangewese volmaghouer enige van die betrokke Aandeelhouer se regte op die Algemene Vergadering (of enige verdaging van die Algemene Vergadering) mag uitoefen.

Al die vereiste besluite word vervat in die Kennisgewing van Algemene Vergadering wat deel vorm van hierdie Omsendbrief.

7. Direkteure se verantwoordelikheidsverklaring

Die Direkteure, wie se name op bladsy 6 van hierdie Omsendbrief verskyn, aanvaar gesamentlik en afsonderlik volle verantwoordelikheid vir die akkuraatheid van die inligting wat in hierdie Omsendbrief gegee word, en verklaar dat, tot die beste van hulle kennis en wete, daar geen ander feite bestaan wat weggelaat is wat enige stelling in

hierdie Omsendbrief vals of misleidend sou maak nie en dat hulle alle redelike navrae gedoen het om sodanige feite vas te stel en dat hierdie Omsendbrief alle inligting vervat wat regtens en deur die Noteringsvereistes vereis word.

8. Toestemming

Beide die handelsbank en borg en die regsadviseur het hulle toestemming verleen en het nie voor die Laaste Praktiese Datum hulle skriftelike toestemming, vir die insluiting van hulle name in die vorm en konteks waarin dit in hierdie Omsendbrief voorkom, onttrek nie.

9. Dokumente beskikbaar vir insae

Afskrifte van die volgende dokumente is vir insae beskikbaar by die geregistreerde kantore van Remgro en Rand Aksepbank by die adresse soos in die "Korporatiewe Inligting en Adviseurs"-afdeling van hierdie Omsendbrief uiteengesit gedurende normale besigheidsure op Sakedae vanaf die datum van uitreiking van hierdie Omsendbrief tot en insluitende 16 Augustus 2016:

- die AVO van Remgro en sy belangrikste filiale;
- die skriftelike toestemmings waarna verwys word in paragraaf 8 van hierdie Omsendbrief; en
- 'n getekende afskrif van hierdie Omsendbrief soos deur die JSE goedgekeur.

Geteken vir en namens die Direksie

M Lubbe (Mev)
Maatskappysekretaris
Stellenbosch

15 Julie 2016

Geregistreerde kantoor
Millenniapark
Stellentialaan 16
Stellenbosch
7600

REMGRO BEPERK
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer: 1968/006415/06)
(Aandelekode: REM ISIN: ZAE000026480)
("**die Maatskappy**")

KENNISGEWING VAN ALGEMENE VERGADERING

KENNIS GESKIED HIERMEE dat 'n Algemene Vergadering van die Aandeelhouers van Remgro Beperk ("**die Maatskappy**") gehou sal word op Dinsdag, 16 Augustus 2016, om 15:00 in die konferensiesentrum, Protea Hotel, Technolaan, Tegnopark, Stellenbosch, 7600, om, indien goedgevind, die volgende gewone en spesiale besluite met of sonder wysiging aan te neem.

1 SPESIALE BESLUIT NOMMER 1

BESLUIT DAT, ingevolge artikel 36(2)(a) van die Maatskappywet, No 71 van 2008 ("**Maatskappywet**"), en klousule 6.2 van die Akte van Oprigting van die Maatskappy ("**Akte van Oprigting**") die gemagtigde aandelekapitaal van die Maatskappy wat bestaan uit 512,493,650 gewone aandele sonder pariwaarde en 40,506,352 B-gewone aandele sonder pariwaarde hiermee verhoog word deur die skepping van addisionele 487,506,350 gewone aandele sonder pariwaarde en 59,493,648 B-gewone aandele sonder pariwaarde, met inwerkingtreding vanaf die datum van liassering van die vereiste kennisgewing van wysiging by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom ("**Kommissie**").

Verdere inligting met betrekking tot Spesiale Besluit Nommer 1

Die rede en effek van die spesiale besluit is om die aantal gemagtigde gewone aandele sonder pariwaarde en gemagtigde B-gewone aandele sonder pariwaarde van die Maatskappy te verhoog ten einde inter alia die Maatskappy in staat te stel om nuwe aandele soos in die ondergemelde besluite beoog uit te reik.

2 SPESIALE BESLUIT NOMMER 2

BESLUIT DAT, na aanleiding van Spesiale Besluit Nommer 1 en ingevolge artikel 16(1)(c) van die Maatskappywet en klousule 6.3 van die Akte van Oprigting, die Akte van Oprigting hiermee gewysig word met inwerkingtreding vanaf die datum van liassering van die vereiste kennisgewing van wysiging by die Kommissie, deur –

(1) die aantal gemagtigde gewone aandele sonder pariwaarde van "512,493,650 (*vyf honderd en twaalf miljoen vier honderd drie en negentig duisend ses honderd en vyftig*)" in die eerste twee reëls van Deel I van Skedule "1" te vervang met "*1,000,000,000* (*een miljard*)" gewone aandele sonder pariwaarde; en

(2) die aantal gemagtigde B-gewone aandele sonder pariwaarde van "40,506,352 (*veertig miljoen vyf honderd en ses duisend drie honderd twee en vyftig*)" in die eerste reël van Deel II van Skedule "1" te vervang met "*100,000,000* (*een honderd miljoen*)" B-gewone aandele sonder pariwaarde.

Verdere inligting met betrekking tot Spesiale Besluit Nommer 2

Die rede en effek van die spesiale besluit is om uitvoering te gee aan die verhoging van die aantal gemagtigde gewone aandele sonder pariwaarde en gemagtigde B-gewone aandele sonder pariwaarde soos beoog in Spesiale Besluit Nommer 1 deur 'n wysiging aan die Akte van Oprigting.

3 GEWONE BESLUIT NOMMER 1

BESLUIT DAT, voorwaardelik tot die aanvaarding van Spesiale Besluite Nommer 1, 2 en 3 en die liassering van Spesiale Besluite Nommer 1 en 2 by die Kommissie, 100,000,000 van die onuitgereikte gewone aandele sonder pariwaarde en 10,000,000 van die onuitgereikte B-gewone aandele sonder pariwaarde in die gemagtigde aandelekapitaal van die Maatskappy hiermee onder die beheer van die Direkteure van die Maatskappy geplaas word, wie hiermee gemagtig is, as 'n algemene magtiging ingevolge klousule 6.7 van die Akte van Oprigting, om sodanige aandele toe te ken en uit te reik op sodanige terme en voorwaardes as wat die direkteure van die Maatskappy in hulle uitsluitlike diskresie mag goed ag, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet, die Akte van Oprigting en die Noteringsvereistes van die JSE Beperk ("**JSE**") ("**JSE Noteringsvereistes**"), tot die toepaslike mate.

Verdere inligting met betrekking tot Gewone Besluit Nommer 1

Die Direkteure mag moontlik wens om verdere ekwiteitskapitaal te vorder by wyse van 'n regte-uitgifte van aandele in die Maatskappy aan bestaande aandeelhouers van die Maatskappy. Hierdie addisionele kapitaal sal gebruik word deur die Maatskappy om te kapitaliseer op aantreklike strategiese groeigeleenthede, om voort te gaan om die groei ambisies van sy portefeuljemaatskappye te ondersteun en te fasiliteer, en om bestaande skuld terug te betaal. Klousule 6.7 van die Akte van Oprigting bepaal dat die Direkteure van die Maatskappy mag besluit om gemagtigde aandele uit te reik, maar slegs tot die mate dat die uitreiking deur aandeelhouers in algemene vergadering goedgekeur is, hetsy by wyse van 'n algemene of 'n spesifieke magtiging. Die doel van Gewone Besluit Nommer 1 is om sodanige algemene magtiging aan die direkteure te verleen om 'n maksimum van 100,000,000 gewone aandele sonder pariwaarde en 10,000,000 B-gewone aandele sonder pariwaarde uit te reik, welke uitreiking onderhewig sal bly aan die bepalings en alle beperkings vervat in die Maatskappywet, die Akte van Oprigting en die JSE Noteringsvereistes, tot die toepaslike mate.

4 SPESIALE BESLUIT NOMMER 3

BESLUIT DAT, voorwaardelik tot die aanvaarding van Spesiale Besluite Nommer 1 en 2 en Gewone Besluit Nommer 1 en die liassering van Spesiale Besluite Nommer 1 en 2 by die Kommissie, ingevolge artikel 41(1)(b) van die Maatskappywet, word die uitreiking van 'n maksimum van 10,000,000 B-gewone aandele sonder pariwaarde in die onuitgereikte gemagtigde aandelekapitaal van die Maatskappy aan Rupert Beleggings Eiendoms Beperk

("**Rupert Beleggings**") ingevolge die algemene magtiging wat ingevolge Gewone Besluit Nommer 1 aan die Direkteure van die Maatskappy verleen is, welke aandele uitgereik sal word teen dieselfde prys as waarteen die gewone aandele ingevolge Gewone Besluit Nommer 1 uitgereik sal word ingevolge 'n regte-uitgifte, hiermee goedgekeur, tot die mate wat hierdie goedkeuring vereis word.

Verdere inligting met betrekking tot Spesiale Besluit Nommer 3

Die rede en effek van die spesiale besluit is om die uitreiking van B-gewone aandele van die Maatskappy aan Rupert Beleggings, 'n maatskappy "verwant" aan Mnr J P Rupert (soos daardie term in die Maatskappywet omskryf word), 'n direkteur van die Maatskappy, goed te keur ingevolge artikel 41(1)(b) van die Maatskappywet. Onderhewig aan sekere uitsonderings, vereis artikel 41(1)(b) die goedkeuring deur 'n spesiale besluit van aandele uitreikings aan Direkteure van die Maatskappy en persone verwant aan Direkteure van die Maatskappy. Die Direkteure is van voorneme om hierdie aandele aan Rupert Beleggings uit te reik na aanleiding van 'n regte-uitgifte van gewone aandele in die Maatskappy, ten einde te verseker dat sodanige regte-uitgifte nie die stemregte van Rupert Beleggings in die Maatskappy verwater nie, welke aandele teen dieselfde prys uitgereik sal word as waarteen die gewone aandele uitgereik sal word aan aandeelhouers van die Maatskappy ingevolge die regte-uitgifte.

REKORDDATUMS
Die rekorddatum ingevolge artikel 59 van die Maatskappywet vir aandeelhouers om geregistreer te wees in die sekuriteiteregister van die Maatskappy ten einde kennisgewing van die Algemene Vergadering te ontvang is Vrydag, 8 Julie 2016.

Die rekorddatum ingevolge artikel 59 van die Maatskappywet vir aandeelhouers om geregistreer te wees in die sekuriteiteregister van die Maatskappy ten einde die Algemene Vergadering by te woon, daaraan deel te neem en te stem, is Vrydag, 5 Augustus 2016, en die laaste dag om te handel in die Maatskappy se aandele ten einde geregistreer te wees in die sekuriteiteregister van die Maatskappy om die Algemene Vergadering by te woon, daaraan deel te neem en te stem, is Maandag, 1 Augustus 2016.

GOEDKEURINGS VEREIS VIR BESLUITE
Gewone Besluit Nommer 1 vervat in hierdie kennisgewing van Algemene Vergadering vereis die goedkeuring deur meer as 50% van die stemme uitgebring ten opsigte van die besluit deur aandeelhouers wat teenwoordig is of by volmag op die Algemene Vergadering verteenwoordig is, onderworpe aan die bepalings van die Maatskappywet en die Akte van Oprigting.

Spesiale Besluite Nommer 1 tot 3 vervat in hierdie kennisgewing van Algemene Vergadering vereis die goedkeuring deur ten minste 75% van die stemme uitgebring ten opsigte van die besluite deur aandeelhouers wat teenwoordig is of by volmag op die Algemene Vergadering verteenwoordig is, onderworpe aan die bepalings van die Maatskappywet, die Akte van Oprigting en die JSE Noteringsvereistes.

BYWONING EN STEMMING DEUR AANDEELHOUERS EN GEVOLMAGTIGDES
Aandeelhouers wat nie hul aandele gedematerialiseer het nie, of wat hul aandele gedematerialiseer het en dit in hul "eie naam" geregistreer het, is geregtig om die Algemene Vergadering by te woon en te stem en het die reg om 'n gevolmagtigde of gevolmagtigdes aan te stel (vir welke doeleindes 'n volmagvorm hierby aangeheg word) om die vergadering namens hulle by te woon, daarop te praat en te stem. So 'n gevolmagtigde hoef nie 'n aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie. Volmagvorms moet ingelewer word by die Maatskappy se Oordragsekretaris, Computershare Investor Services Eiendoms Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001, Suid-Afrika, of kan gepos word aan die Oordragsekretaris by Posbus 61051, Marshalltown, 2107, Suid-Afrika, om hulle te bereik nie later as Vrydag, 12 Augustus 2016, om 15:00 (Suid-Afrikaanse tyd) nie. Enige volmagvorm wat nie teen hierdie tyd aan die Oordragsekretaris gelewer is nie mag aan die voorsitter van die Algemene Vergadering oorhandig word op enige tyd voor die aangestelde volmaghouer enige van die aandeelhouersregte op die Algemene Vergadering mag uitoefen.

Volmagvorms moet slegs deur aandeelhouers voltooi word wat nie hul aandele gedematerialiseer het nie of wat hul aandele gedematerialiseer het en dit in hul "eie naam" geregistreer het.

By stemming by wyse van 'n opsteek van hande, is elke persoon wat teenwoordig is en geregtig is om stemregte uit te oefen, geregtig op een stem, ongeag die aantal stemme wat daardie persoon andersins geregtig sou wees om uit te oefen. By stemming per stembrief, is elke houer van gewone aandele geregtig op een stem per gewone aandeel gehou en elke houer van B-gewone aandele is geregtig op 10 stemme per B-gewone aandeel gehou.

Aandeelhouers wat hulle aandele gedematerialiseer het en nie in "eie naam" geregistreer is nie, moet hulle sentrale sekuriteitebewaarplek-deelnemer (SEBD) of makelaar kontak op die wyse en binne die tyd bepaal in hulle ooreenkoms, om:

(1) hulle van hul stemopdragte te voorsien; of
(2) die nodige toestemming te verkry, sou hulle die vergadering self wou bywoon.

BEWYS VAN IDENTIFIKASIE VEREIS
Ingevolge die Maatskappywet, moet enige aandeelhouer of sy gevolmagtigde wat van voorneme is om die Algemene Vergadering by te woon en daaraan deel te neem in staat wees om redelike voldoende identifikasie by die vergadering voor te lê vir sodanige aandeelhouer of gevolmagtigde om die Algemene Vergadering by te woon en daaraan deel te neem. 'n Groen identiteitsdokument of 'n identiteitsdokument slimkaart uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Departement van Binnelandse Sake, 'n bestuurderslisensie of 'n geldige paspoort sal by die Algemene Vergadering aanvaar word as voldoende identifikasie.

In opdrag van die direksie.

M Lubbe
Maatskappysekretaris
Stellenbosch
15 Julie 2016

REMGRO BEPERK
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer: 1968/006415/06)
(Aandelekode: REM ISIN: ZAE000026480)
("**die Maatskappy**")

VOLMAGVORM – ALGEMENE VERGADERING

HIERDIE VOLMAGVORM IS SLEGS VIR GEBRUIK DEUR:

1. **GEREGISTREERDE AANDEELHOUERS WAT NOG NIE HULLE REMGRO BEPERK GEWONE AANDELE GEDEMATERIALISEER HET NIE; EN**

2. **GEREGISTREERDE AANDEELHOUERS WAT REEDS HULLE REMGRO BEPERK GEWONE AANDELE GEDEMATERIALISEER HET EN IN "EIE NAAM" GEREGISTREER IS IN DIE MAATSKAPPY SE ONGESERTIFISEERDE SEKURITEITEREGISTER.***

* Sien verduidelikende aantekening 3 op die keersy hiervan.

Vir voltooiing deur bogenoemde geregistreerde aandeelhouers wat gewone aandele van die Maatskappy hou ("**aandeelhouer**") en welke aandeelhouers nie die Algemene Vergadering van die Maatskappy wat op Dinsdag, 16 Augustus 2016, om 15:00 in die konferensiesentrum, Protea Hotel, Technolaan, Tegnopark, Stellenbosch, 7600, gehou word ("**Algemene Vergadering**") kan bywoon nie.

Die rekorddatum ingevolge artikel 59 van die Maatskappywet vir aandeelhouers om in die sekuriteiteregister aangeteken te word ten einde die Algemene Vergadering by te woon, daaraan deel te neem en daar te stem is Vrydag, 5 Augustus 2016.

Skryf asseblief duidelik tydens die voltooiing van hierdie volmagvorm en sien asseblief die aanwysings en aantekeninge aan die einde van hierdie volmagvorm vir verduidelikende aantekeninge van die gebruik van hierdie volmagvorm en die regte van die aandeelhouers en die gevolmagtigde.

Ek/Ons _____

Adres _____

_____

Telefoon (Werk) _____ Telefoon (Huis) _____

Faks _____ Selfoonnommer _____

die houer/s van _____ gewone aandele in die Maatskappy, stel hiermee (verwys na aanwysing 1 op die keersy)

1. _____ of, by ontstentenis aan hom/haar,

2. _____ of, by ontstentenis aan hom/haar,

3. die voorsitter van die Algemene Vergadering, as my/ons gevolmagtigde aan om namens my/ons die Algemene Vergadering by te woon en daar, of by enige verdaging daarvan, namens en ten behoewe van my/ons te praat, te stem, of buite stemming te bly soos volg (verwys na aantekening 2 en aanwysing 2 op die keersy):

	Dui aan met 'n "X" of vul aantal stemme in (een stem per gewone aandeel)		
	Ten gunste van	Teen	Buite stemming
1. Spesiale Besluit Nommer 1: Verhoging in gemagtigde aandelekapitaal			
2. Spesiale Besluit Nommer 2: Wysiging van die Akte van Oprigting			
3. Gewone Besluit Nommer 1: Algemene magtiging aan direkteure om aandele uit te reik			
4. Spesiale Besluit Nommer 3: Magtiging om B-gewone aandele aan Rupert Beleggings uit te reik			

Geteken te _____ op _____ 2016

Handtekening/e _____

Bygestaan deur _____
(waar van toepassing)

Lees asseblief die aantekeninge en aanwysigings op die keersy hiervan.

AANTEKENINGE

1. ’n Aandeelhouer wat geregtig is om die Algemene Vergadering by te woon en daarop te stem is geregtig om een of meer gevolmagtigdes aan te stel om die Algemene Vergadering in sy/haar plek by te woon en te praat en te stem. ’n Gevolmagtigde hoef nie ’n geregistreerde aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie.

2. By stemming by wyse van ’n opsteek van hande, is elke persoon wat teenwoordig is en geregtig is om stemregte uit te oefen, geregtig op een stem, ongeag die aantal stemme wat daardie persoon andersins geregtig sou wees om uit te oefen. By stemming per stembrief, is elke houer van gewone aandele geregtig op een stem per gewone aandeel gehou en elke houer van B-gewone aandele is geregtig op 10 stemme per B-gewone aandeel gehou.

3. “Eie naam” geregistreerde aandeelhouers is aandeelhouers wat gekies het om nie aan die Uitreiker-geborgde Genomineerde Program deel te neem nie en vir Computershare Beperk aangestel het as hul Sentrale Sekuriteitebewaarplek-deelnemer (SEBD) met die uitdruklike instruksie dat hul ongesertifiseerde aandele in hulle eie naam in die elektroniese ongesertifiseerde sekuriteiteregister geregistreer moet word.

AANWYSINGS VIR DIE ONDERTEKENING EN INLEWERING VAN DIE VOLMAGVORM

1. ’n Aandeelhouer mag die naam van ’n gevolmagtigde of die name van twee alternatiewe gevolmagtigdes van die aandeelhouer se keuse invul in die spasie/s voorsien op die keersy met of sonder die deurhaling van “die voorsitter van die Algemene Vergadering”, maar enige sodanige deurhaling moet deur die aandeelhouer geparafeer word. Indien hierdie spasie/s oopgelaat word, sal die volmag uitgeoefen word deur die voorsitter van die Algemene Vergadering. Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm verskyn en wie aanwesig is by die Algemene Vergadering is geregtig om as gevolmagtigde op te tree met uitsluiting van die persone wie se name daarna volg.

2. ’n Aandeelhouer moet sy/haar stemopdragte aan die gevolmagtigde aandui deur ’n “X“, of die aantal stemme wat die aandeelhouer wil uitoefen, in die toepaslike spasies op die keersy in te vul. By gebrek hieraan sal dit geag word dat die gevolmagtigde by die Algemene Vergadering mag stem of buite stemming bly soos hy/sy goeddink ten opsigte van al die stemme waarop die aandeelhouer geregtig is. ’n Aandeelhouer of sy/haar gevolmagtigde is nie verplig om al sy/haar stemme te gebruik nie, maar die totaal van stemme wat uitgeoefen word, of dié ten opsigte waarvan daar buite stemming gebly word, mag nie die totale aantal stemme oorskry waarop die aandeelhouer of sy/haar gevolmagtigde geregtig is nie.

3. ’n Minderjarige moet bygestaan word deur sy/haar ouer of voog tensy dokumente, wat sy/haar regsbevoegdheid staaf, gelewer word of reeds by die Oordragsekretaris aangeteken is.

4. Ten einde geldig te wees moet voltooide volmagvorms ingelewer word by die Maatskappy se Oordragsekretaris, Computershare Investor Services Eiendoms Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001, Suid-Afrika, of kan gepos word aan die Oordragsekretaris by Posbus 61051, Marshalltown, 2107, Suid-Afrika, om hulle te bereik nie later nie as Vrydag, 12 Augustus 2016, om 15:00 (Suid-Afrikaanse tyd). Enige volmagvorm wat nie teen hierdie tyd aan die Oordragsekretaris gelewer is nie mag aan die voorsitter van die Algemene Vergadering oorhandig word op enige tyd voor die aangestelde volmaghouer enige van die aandeelhouersregte op die Algemene Vergadering mag uitoefen.

5. Persone wat die volmagvorm in ’n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken, moet dokumentêre bewys van sodanige magtiging aan die volmagvorm heg, tensy dit reeds by die Oordragsekretaris aangeteken is, of die voorsitter van die Algemene Vergadering daarvan afstand gedoen het.

6. Die voltooiing en inlewering van hierdie volmagvorm sal nie die betrokke aandeelhouer belet om, indien hy/sy so sou verkies, die Algemene Vergadering by te woon en self daar te praat en te stem in die plek van die gevolmagtigde wat deur hom/haar aangestel is nie.

7. Die aanstelling van ’n gevolmagtigde ingevolge hierdie volmagvorm is herroepbaar ingevolge die bepalings van artikel 58(4)(c) saamgelees met artikel 58(5) van die Maatskappywet, No. 71 van 2008, en ’n aandeelhouer mag gevolglik hierdie volmagaanstelling herroep deur dit skriftelik te kanselleer, of deur ’n latere teenstrydige aanstelling van ’n gevolmagtigde te maak, en die lewering van ’n afskrif van die herroepingsinstrument aan die gevolmagtigde en die Maatskappy.

8. Geen parawe is nodig wanneer blanko spasies op hierdie volmagvorm voltooi word nie. Enige wysigings of veranderings wat aan hierdie volmagvorm aangebring word, moet deur die ondertekenaar/s geparafeer word.

9. Die voorsitter van die Algemene Vergadering mag enige volmagvorm wat nie in ooreenstemming met hierdie aantekeninge voltooi of ingehandig is nie, aanvaar indien hy tevrede is rakende die wyse waarop die aandeelhouer wens te stem.